

OXFORD

AFRIKAANS

TOK-TOK

EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKABV
GOEDGEKEUR
GRAAD 9

Marianne
van Heerden

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

TOK-TOK

Marianne van Heerden

Die leermateriaal vir hierdie novelle is ontwikkel deur

Anneke Butler & Corné Erasmus

Fiksieredigering deur Kobus Geldenhuys

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

SOUTHERN AFRICA

Leesteken – ellips

Xolani is stom geslaan deur hoe mooi Lungile lyk – hy soek na woorde.

Atmosfeer

Daar heers 'n liefdevolle en gemoedelike (*loving and jovial*) atmosfeer.

Vergelyking

Twee goed word met mekaar vergelyk: die lekker gesels met vriende wat mekaar al lank ken.



Toe Xolani uiteindelik praat, is sy stem skor.¹⁷⁷ “Jy lyk verskriklik mooi. Ek ... ek ...”

Lungile kan haar glimlag nie keer nie. Sy het hom nog nooit so hoor sukkel om iets te sê nie. “Jy lyk self baie handsome.”

Hulle bars albei uit van die lag. Die ongemaklikheid verdwyn.

“Ek wil graag jou present vir jou gee. Ek wou dit hou vir later, maar ek dink dis nou 'n goeie tyd.” Xolani haal 'n sagte sakkie uit.

Lungile snak na haar asem wanneer sy die hangertjie en oorbelle sien. Sy staan doodstil toe hy die hangertjie om haar nek sit en die oorbelle vir haar aangee.

“Baie dankie. Dis baie, baie mooi.” Lungile leun vorentoe en gee Xolani 'n sagte soentjie op sy wang. Haar oë blink. “Kom in, ek wil jou aan Gogo en my ma voorstel.”¹⁷⁸

Gogo en Grace kom vinnig toe sy hulle roep. Hulle twee het seker gestaan en afliuster, dink Lungile. Hulle bewonder haar presente en sê Xolani het goeie smaak.¹⁷⁹ Gou gesels almal soos ou vriende.

All dressed up and nowhere to go, dink Lungile, maar sy is baie bly om Xolani op haar verjaardag te sien – en nog blyer dat hy haar in haar nuwe klere kon sien.

177 **skor:** hees (*hoarse, husky*)

178 **voorstel:** mense aan mekaar bekend stel (*introduce*)

179 **smaak:** weet wat goed of mooi is (*taste*)

- 19 Hou groepbesprekings oor die volgende onderwerpe:
- a Die gangsters werk hardhandig met die taximan.
 - Is dit wat die gangsters gedoen het reg?
 - Het dit gewerk?
 - Is dit die enigste manier om 'n probleem op te los?
 - Wat is die verantwoordelike ding om te doen?
 - b Aan die einde van die verhaal kom twee kulture by mekaar uit.
 - Van watter twee kulture word hier gepraat?
 - Soek bewyse in die verhaal dat daar aan die begin spanning tussen die kulture was.
 - Hoe is die kulture aan die einde versoen?
 - c Bespreek en klassifiseer die verskillende karakters.
 - Lungile is die hoofkarakter van die verhaal.
 - Die ander karakters is bykarakters.
 - Bespreek elkeen van die belangrikste bykarakters en sê of die karakter 'n protagonis of 'n antagonis is.
 - d Bespreek Lungile se karakterontwikkeling.
 - Hoe was sy aan die begin?
 - Wat het alles bygedra tot haar ontwikkeling?
 - Hoe is sy aan die einde?

Opsomming van die novelle

As jy sukkel om Afrikaans te verstaan, gebruik die Engelse opsomming van die novelle hieronder om jou te help.

Hoofstuk 1: Lekker vet Lungile and her mom live with her gogo. Lungile loves to write poetry and enjoys her eccentric and passionate Afrikaans teacher. Her gogo believes in the old tradition that skinny girls are not beautiful, but two boys at school tease Lungile about her weight. Lungile sings in the school choir and her two best friends are Anne and Dianne. She travels to school in a taxi and likes the one driver, but the other man makes her feel uneasy.

Hoofstuk 2: Gogo vertel Lungile and her mother enjoy listening to Gogo's stories about the old days and the frightening tokoloshe.